## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. 181.] [9 Februarie 1962.

PROKLAMERING VAN 'N GEDENKWAARDIGHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighéde en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934), soos gewysig, proklameer ek hierby die Kanonkoppie, Mafeking, as 'n gedenkwaardigheid.

*Beskrywing.*

Kanonkoppie, Mafeking: Die figuur A B C D stel voor 'n gedeelte van Erf No. 1323, Mafeking, geleë in die afdeling Mafeking, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, soos aangedui op Kaart No. 4872/61, gedateer 7 Augustus 1961.

*Historiese belang.*

Die ou fort op Kanonkoppie wat oorspronklik in 1884 deur Sir Charles Warren gebou is, het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog 'n belangrike rol in die beleg van Mafeking gespeel.

J. DE KLERK,
Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

## DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. 181.] [9 February 1962.

PROCLAMATION OF A MONUMENT.

By virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *eight* of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act No. 4 of 1934), as amended, I hereby proclaim to be a monument the Cannon Kopje, Mafeking.

*Description.*

Cannon Kopje, Mafeking: The figure A B C D represents portion of Erf No. 1323, Mafeking, situate in the Division of Mafeking, Province of the Cape of Good Hope, as shown in Diagram No. 4872/61, dated 7th August, 1961.

*Historical Interest.*

The Fort on Cannon Kopje was originally built by Sir Charles Warren in 1884. During the Anglo-Boer War it played an important part in the siege of Mafeking.

J. DE KLERK,
Minister for Education, Arts and Science.

---

No. 182.] [9 Februarie 1962.

BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935 (WET No. 23 VAN 1935).

THE WANDERERS' CLUB, JOHANNESBURG.

AANSOEK OM WYSIGING VAN KENTEKEN.

Bogenoemde vereniging het, kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *agt* van genoemde Wet aansoek gedoen om die oorspronklike beskrywing van sy kenteken, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1811, gedateer 19 November 1937, te wysig deur die byvoeging van die volgende vier variasies van daardie beskrywing. Enigeen wat daardeur getref of moontlik getref sal word en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Vanderstelgebou, Privaatsak 122, Pretoria, verkrygbaar is.

(i) „Op 'n swart agtergrond, twee steierende perde, ingespan voor 'n strydwa van goud, bestuur deur 'n menner in 'n skarlaken mantel, bokant 'n goue en skarlaken dwarsbalk, met daaronder 'n rooi lint met goue rand, en daarop in goud die woorde: ‚THE WANDERERS' CLUB'."

(ii) „Op 'n swart agtergrond, twee steierende perde van goud, ingespan voor 'n goue strydwa wat bestuur word deur 'n menner in 'n skarlaken mantel, bokant 'n dwarsbalk van goud en skarlaken, met daaronder 'n rooi lint met goue rand, en daarop in swart letters die woorde: ‚THE WANDERERS' CLUB'."

(iii) „Op 'n swart agtergrond, 'n skild met goudomboorsel, en daarop twee steierende perde van goud, ingespan voor 'n goue strydwa, wat bestuur word deur 'n menner in 'n skarlaken mantel, bokant 'n dwarsbalk van goud en skarlaken, en daaronder 'n lint met die woorde: ‚THE WANDERERS' CLUB'."

(iv) „Op 'n swart agtergrond, twee steierende perde van goud, ingespan voor 'n goue strydwa wat bestuur word deur 'n menner in 'n skarlaken mantel, bokant 'n dwarsbalk van goud en skarlaken."

No. 182.] [9 February 1962.

THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935 (ACT No. 23 OF 1935).

THE WANDERERS' CLUB, JOHANNESBURG.

APPLICATION FOR AMENDMENT OF BADGE.

The above-mentioned association has applied, in terms of the provisions of sub-section (1) of section *five* and of section *eight* of the aforesaid Act, for the amendment of the original description of its badge, as published by Government Notice No. 1811 of the 19th November, 1937, by the addition of the following four variations of that description. Any person affected or likely to be affected and who desires to raise objections to the application, may do so within three months of the date of publication of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for Education, Arts and Science, Van der Stel Buildings, Private Bag 122, Pretoria:—

(i) "On a black background, two prancing horses harnessed to a gold chariot driven by a charioteer in a scarlet cloak, above a horizontal gold and scarlet bar, with a scroll below in red with a gold border bearing in gold the words: 'THE WANDERERS' CLUB'."

(ii) "On a black background, two prancing horses in yellow harnessed to a yellow chariot driven by a charioteer in a scarlet cloak, above a horizontal yellow and scarlet bar, with a scroll below in red with a yellow border bearing in black the words: 'THE WANDERERS' CLUB'."

(iii) "On a background of black a shield, bordered by a stripe of gold, containing a representation of two prancing horses in gold, harnessed to a gold chariot driven by a charioteer in a scarlet cloak, above a gold and scarlet bar, with a scroll below bearing the words: 'THE WANDERERS' CLUB'."

(iv) "On a black background, two prancing horses in gold harnessed to a gold chariot driven by a charioteer in a scarlet cloak, above a horizontal gold and scarlet bar."